# Huisgenoot Hart van Windhoek

## Wat is die fees betaalkaart?

Vanjaar sal daar geen kontant of koepons by die Hart van Windhoek stalletjies aanvaar word nie en feesgangers sal 'n gratis betaalkaart ontvang om aankope te doen.

Die Huisgenoot Hart van Windhoek feesbetaalkaart is 'n nuwe betalingsmetode wat feesgangers moet gebruik om vir al hulle aankope op die feesterrein te betaal. Dit gaan die hele feeservaring soveel veiliger en makliker maak.

## Waar kry ek so 'n betaalkaart?

Feesgangers kan hulle betaalkaarte voor die fees by Shoprite Checkers by Maerua Mall se ingang kry. Die betaalkaarte is ook by die kontantsentrums op die feesterrein verkrygbaar op 16 & 17 September. Die kaarte kan hier afgehaal word en geld kan hier op die kaarte gelaai word.

## Hoe kry ek so 'n betaalkaart?

Dis maklik. Identifiseer jouself deur jou rybewys, ID of paspoort aan te bied as u die betaalkaart met meer as N$500 laat laai. Voorsien jou selfoon nommer.
Laat laai geld op die feeskaart deur middel van:

- Debietkaart betaling, of
- Kredietkaart betaling, of
- Kontant inbetalings.

Die minimum bedrag wat op die kaart gelaai kan word is N$30 en die maksimum bedrag is N$1,000. Die maksimum balans wat op enige tyd op die kaart toegelaat sal word is ook N$1,000. Vir inbetalings bo N$500 sal identifikasie benodig word.

aflet 275x85mm_v2.indd 1 05/09/2011

## Hoe werk so 'n betaalkaart?

Die eerste stap is om jou betaalkaart te kry en geld daarop te laai. Die kaart word dan by enige betaalpunt terminaal waar aankope gedoen word, gevee. Geen PIN word benodig nie en die transaksie is afgehandel sodra die kaart gevee is en die betalingsbedrag van die balans afgetrek is. Daar is geen verdere koste verbonde aan die transaksies nie.

## Hoe weet ek wat die beskikbare balans is?

Met elke aankoop word die balans op die verkooppunt se faktuur gedruk.

## Hoe kry ek die oorblywende balans op die kaart terug na die fees?

'n SMS met die oorblywende balans sal na die selfoon nommer wat jy gegee het gestuur word. Volg net die link en voorsien ons van u bank besonderhede.

Die minimum uitbetaling is N$20 en 'n maksimum bedrag van N$1,000 per kaart/selnommer sal terugbetaal word.

Instruksie vir uitbetalings kan net tot 24h00 op Vrydag 30 September 2011 gedoen word.

## Hoe veilig is die kaart?

Betaling met die kaart benodig nie 'n PIN nie en is die kaart is dus to goed soos kontant in jou beursie – pas dit goed op. Indien die kaart wel wegraak, gaan na die naaste kontantsentrum en kry 'n nuwe kaart deur weer jou selnommer en identifikasie aan te bied. Die fees organiseerders aanvaar geen verantwoordelikheid vir die balans op die kaart nie aangesien die kaart so goed soos kontant is en dit deur enige ander persoon wat dit bekom gebruik kan word.

Die koste om 'n kaart te vervang is N$50.
Indien jy jou kaart verloor moet dit onmiddelik by die kontantsentrums aangemeld word,

WANT DIE KAART IS SO GOED SOOS KONTANT!

GEMAGTIGDE HANDTEKENING

- Die geld op die kaart is soos kontant in u beursie. Teken dadelik agter-op die kaart en hou dit veilig.
- Die transaksie is afgehandel sodra u die kaart vee en die bedrag van u beskikbare balans afgetrek is.
- Geld kan by enige van die Harte Kontant stalletjies by die fees op die kaart gelaai word.
- Die minimum bedrag wat elke keer gelaai kan word is N$30 en die maksimum N$1,000.
- As daar geld op die kaart oor is na die fees kan u dit terugkry. Verwys na die reëls op die Fees Inligtingsbrosjure.

Laat jou hart doef, doef!

FNB
First National Bank
Namibia